

**BEROEPENUUS— 27 Jan 2013****Beroepe aanvaar**

Dr. JH Howell van Heidelberg na Die Kandelaar

Ds. TJ Moletsane van Boichoko na Sanveld

Prop MPA Venter na Vryburg

Prop N Murambadora na Ontdekkers met opdrag kerkplanting Reformed church Roodepoort

**God se Woord onveranderlik - ook vir homoseksuele (prof. GJC Jordaan)-  
vervolg van verlede week****God se Woord, nie mensewoord nie**

Die eerste drogredenasië is dat Romeine 1 eintlik maar net Paulus se persoonlike afwysing van homoseksualisme is. Hierdie redenasië bring egter die Skrifgesag direk in gedrang. Want hoewel Paulus hierdie woorde ongetwyfeld as sy eie oortuiging neergeskryf het, weet ons dat hy dit onder inspirasie van die Heilige Gees van God neergeskryf het. In die eerste en in die laaste plek is Romeine 1 die woorde van God, wat Hy deur Paulus laat verwoord het. Hierdie selfde Paulus skryf immers aan die Korintiërs: "Ek is daarvan oortuig dat ek die Gees van God het" (1 Kor. 7:40)! Wie begin om sekere dele van die Bybel as blote woorde van mense af te maak. sal nie kan halt roep voordat God uit die hele Bybel "verdryf" is nie. Want die hoereerders sal dan graag van dele soos 2 Korintiërs 6 wil ontslae raak, en die diene en gierigaards van 1 Timoteus 6. As ons die By-bel dan verlaag het tot blote mensewoorde, berus ons hele godsdiens op niks meer nie as die woorde van mense. Dan is die kerk 'n klug. Dan is almal wat die evangelie van Christus verkondig, 'n spul leuenaars. Dan is ons geloof nutteloos. Dan is ons nog in ons sondes. Dit is die woorde van die apostel Paulus (onder inspirasie van die Gees!) in 1 Korintiërs 15:13-18. Wie dan probeer om die Skrif se waarskuwings teen die sonde te sistap deur dit as blote mensewoord af te maak, is besig met selfbedrog. Eintlik met geestelike selfmoord.

*Word vervolg***BAKKIES-BLAD**

Gaan kyk gerus op ons "facebook"- blad vir van die jongste nuus en gebeure. As daar sake/artikels is waarop ons graag u aandag sou wou vestig kan u dit daar kry.

Die adres is <http://www.facebook.com/groups/225480810896083/>

Vandag – Philna Coetzee 0826338753	30/01– Maria Henning 0123217107
28/01– Rita de Beer 0829723311	31/01– Hugo de Klerk 0723805556
28/01– Anna Eloff 0829769834	31/01– Tina Knoesen 0783029830
29/01– Gavin Foster 0823772108	01/02– Johan du Plooy 0827232552
29/01– Nadine Raath 0832948101	03/02– Elsabe Coertze 0828548236
30/01– Villiers de Vos 0832578655	03/02– Wynand du Plessis 0829696845
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Baie geluk met u verjaarsdag

Dit help nie om in die dooi kole te blaas nie. Jy blaas hulle nog kouer en jou oë vol as  
– CJ Langenhoven

# Die Krugertjie

**Gereformeerde kerk Pretoria(d)****www.gkpretoria.org.za OF****www.gk-pretoria.weebly.com**

Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder

0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: [kantoor@gkpretoria.org.za](mailto:kantoor@gkpretoria.org.za)

Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154


Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

27 Januarie 2013

**EERSTE EREDIENS—(9h00 )****Skriflesing:** Lukas 8:40-56;

Romeine 8:18-30

**Teks:** Lukas 8:44,46**Sing:** Ps. 89:1,3; Ps. 77:2,3; Ps. 123:1,2;  
Ps. 103:2**DIE PLUK AAN DIE MANTEL**

Die soom van Christus wat die trossels van die Wet dra. Wanneer hierdie vrou aan Jesus se soom raak, dan word sy deur Christus geraak.

Wanneer die Wet jou werklik aanraak, dit is presies wat met die vrou gebeur, dan word sy bewus van sy is genees.

Die Evangelie staan nie in spanning met die Wet nie. Die Wet is nie in die pad van die Evangelie nie. Wet en Evangelie is een, wanneer Christus met ons Eén is.

In die volste geheim wat met die vrou gebeur, was daardie soom vir haar die tugmeester na Christus toe. Sy is besig met n woordelose gebed. 'n Pluk aan sy mantel laat haar die vrug van die Evangelie pluk. Sy word dadelik genees- ons lees *haar bloedvloeiing het onmiddellik opgehou.*

**KATKISASIE—** Katkisasie gaan vandag voort.

**TWEEDE EREDIENS— (ná katkisasie)****Skriflesing:** Efesiërs 4:17—5:21**Dordtse Leerreëls—** Hoofstuk 3/4

Paragraaf 16—17

**Sing:** Ps.33:7; Ps. 35:7; Ps. 119:15**GOD WAT DAARMEE REKEN  
DAT ONS MENSE IS**

Hierdie paragrawe word soos n digte wolk waar ons inbeweeg. 'n Digte wolk wat wonderlike reën kan bring maar tegelyk sware weer, donderslae en blitse, wat in dieselfde wolk kan volg.

Par 16 is so 'n wolk, dat ek lieflike reën daaruit kan kry, maar ook sware weer. Die lieflike om in die Gees staande te bly, om in die Gees te mag oorwin. Dit is nie uitgesluit nie.

Hierby ingesluit is ook die besef, hou ek aan met sondig dan sal dieselfde sonde, sware gevolge oor my kan bring.

**Predikant:**

Ds. Petrus Venter  
012- 3356130  
0847042348 (P) 0845119620(C)  
[pjventer@gkpretoria.org.za](mailto:pjventer@gkpretoria.org.za)  
9 de Laan 880  
Wonderboom-Suid  
[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

**Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)****Vandag-Wyke 8 en 10**

Ouderlinge: Teuns Lagerwey en Ulbe de Ronde  
Diakens: Gerhard Krüger en Nico Venter

**Volgende Sondag– Wyke 11 en 12**

Ouderlinge: Andries du Plessis en Boere Smit  
Diakens: Stephan du Plessis en Bernard Vorster

**DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...**

Br Piet van der Kooi word aan die genadetroon van die Here opgedra. Alles en alles het die beroertes en dinge wat daarmee saamgaan groot impak op die geheel van sy gesondheid gehad. Ons vertrou dat die Here hom weer vanuit hierdie terugslae sal sterk maak. **Ds. Andries Mulder** is ons dankbaar dat hy weer tuis kan wees na sy laaste operasie. Ons gebed is dat hy nou van krag tot krag mag gaan. **Br Flip Minnaar** wat in die week heelwat toetse en behandelinge moes ondergaan oor benoudheid bid ons dat daar volledige herstel mag kom. Ons dink ook aan **sr Marietjie Minnaar** in dieselfde tyd wat deur haar rug opgekeel word. Mag sy ook weer verligting ontvang. **Br Dries de Ridder** wat vir lang tye erge moegheid ervaar en asemnood ervaar dra ons aan die genadetroon van die Here op. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Sr Cora Kruger** het op Oujarsdag geval en het baie seergekry. Sy is uit die hospitaal ontslaan maar is oorgeplaas na n versorgings-eenheid (step down) naby LCM. **Br. Phil van der Merwe (Suidkus)** word aan die genadetroon van die Here opgedra. Hy kry die laaste tyd baie swaar met sy gesondheid. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons bid ook vir **dr. Johannes Bingle**, broer van **sr Margaretha Coetzee** wat weer terugslae gehad het. Hy is weer in die hospitaal opgeneem, onder ander oor nierversaking. Mag daar vir hom weer beterskap wees.

**ALMANAKKE–**

Ons jaar kalenders vir 2013 is gereed. Dit kan by die konsistorie afgehaal word of anders moet u u ouderling daarna vra. Die boekie vir ons susters wat as hulle aankondiger dien is ook gedruk. Daarin is al die skinkbeurte, verjaardae, tel-nommers en alle ander sake vir 2013 opgeneem. Dit kan by die deure afgehaal word.

**SUSTERS-SAAMTREK 2013**

Die saamtrek van ons susters vind DV op 9 Maart 2013 plaas. Hierdie jaar word dit deur die susters van die Gerf kerk Akasia aangebied. Die tema vir die saamtrek is– *Gelowige vrou altyd diensbaar waar God jou in sy Koninkryk wil gebruik*. Die spreker sal wees dr. Mariana van Loggerenberg. Fanie de Jager sal as gaskunstenaar optree. Koste is R100-00. Laat weet asb. so gou moontlik vir sr Christine wie die saamtrek wil bywoon. Sy sal vroeg in Februarie die getal moet deurgee.

**KOLLEKTE**

<b>Vandag: 1ste diens</b>	Paul Kruger kinderhuis	Instand- houding
<b>2de diens</b>	DVB	Instand- houding
<b>03/02/2013 1ste diens</b>	DVB- Zimbabwe hulpfonds	Zambië
<b>2de diens</b>	DVB	Instand- Houding

**DAGBOEK**

DATUM	GEBEURTENIS
31/01	Susrtersbestuur-vergd
07/02	Oudl vergd
09/02	Oudl toerusting
09/02	Algemene susters-vergd
10/02	Voorbereiding
16/02	65+ Onthaal
17/02	Nagmaal

**PREKE OP INTERNET**

**Die preek van verlede Sondag wat ds.**

**Petrus eintlik net gedeeltelik kon voltooi met sy ongesteldheid is die volledige teks opgelaa by-**

<http://gk-pretoria.weebly.com/uploads/2/7/7/1/2771236/>

johannes\_2\_verse\_1\_tot\_11.pdf Daar is ook klomp ander preke op die internet gelaai. U kan die volledige tekste aflaai by [www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com).

Die laaste eredienste kan ook nou vanaf die internet [geluister](http://www.gk-pretoria.weebly.com) word. U gaan net na die skakel-

<http://gk-pretoria.weebly.com/preke-in-klank.html>

Dan klik u op die driehoekie en sal dit begin aflaai en speel ...

Die boek oor die lewe en werk van ds. Rabbo Pasch is nou gedeeltelik opgelaa onder skakel **Pasch in pas**. Die direkte skakel is- <http://gk-pretoria.weebly.com/pasch-in-pas.html>

**PAUL KRUGER-KINDERHUIS**

Ons vestig net u aandag op die SMS-nommer wat u kan skakel om aan die kinderhuis 'n bydrae te maak. Al wat u moet doen, is om die woord PKK te SMS na nommer 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

**Vervolg van verlede week****DANIËL 7**

Die mens is slaaf van die sonde, en verdierlik. Hy het hom in slawediens aan Satan oorgegee en volg hom. Hele menigtes word georganiseer in hierdie ryke. Hoeveel landswapens word nie versier met "grimmige gediertes" nie. Totius sien die bewapening van die leërs as die slagande van die diere wat aan Daniël getoon word. Daniël is verskrik, omdat hy die magtelooheid van Ou en Nuwe Testamentiese gelowiges onder vervolginge sien.

As diere word die ryke dus in Dan 7 geteken, teenoor die tekening daarvan in Dan 2 in Nebukadnesar se droom as 'n beeld. In daardie droom word die mensheid en sy ryke gewys as die mens wat sy eie glorie beoog. Daarom die mense-gestalte van die beeld. Nou word in Hfst 7 God se magsdaad teenoor die dierlik-geworde wêreldryke beskrywe, om die gelowiges te troos.

Die **eerste dier** lyk soos 'n leeu, met arendsvlerke – die Babiloniese ryk. Die vlerke wys op die hoogheid van die ryk. *By Nineve en Babel is afbeeldinge opgegrawe van wesens met vlerke en mensekoppe. Leeufigure met vlerke was vir die Babiloniërs bewakers van hulle poorte. Die snelheid waarmee hierdie dier beweeg, moet afgelei word uit die vlerke wat aan hom gesien word. So was Nebukadnesar se oorwinnings.*

*Soos in die beelddroom van Nebukadnesar, waar Babel die hoof van goud was, is hierdie uitbeelding ook meer gunstig as die van die opvolgende ryke. Daarop wys die mensehart, wat aan die dier gegee is. Die uitruk van die vlerke kan dui op meer mens-like optrede, maar dit kan ook wees om te sê hoe Babel se optrede en uitbreiding deur God stopgesit is, sodat hulle nie meer soos leeus sou verslind nie (Calvyn).*

**7:5, beer** – Ook 'n gevaarlike, verskeurende dier, wat nog aan die eet is aan een prooi, en dan al weer verder wil verskeur. Hy word aangehits deur stemme om nog verder te eet. Met die stemme kan gedink word aan die stem van die volk, of die "lotsbepalende magte" (BVA). Die **ribbes** word baie oor gespekuleer, maar dit moet bloot gesien word as die prooi in die algemeen.

*Die dier wat lyk soos 'n beer (so word redelik algemeen aanvaar) is die Medies-Persiese Ryk wat by die Chaldeeërs oorgeneem het.*

**7:6, soos 'n luiperd** – Die volgende ryk word deur party verklaarders as Alexander die Grote se Masedonies-Griekse Ryk gesien, wat immers die volgende wêreldryk was. Die vier vlerke kan wys op nog vinniger oorwinnings as deur die leeu (die eerste ryk). Die vier **koppe** mag wys op die vier koninkryke waarin Alexander se ryk verdeel is, na sy dood. Ander stel weer dat vier die numeriese teken was van die Grieke se mag.

**7:7, 'n vierde dier** – Dit is die Romeinse Ryk, wat in wese nog voortlewe in die aardse ryke wat uiteindelik in die tien ryke (horings) openbaar sal word.

**tien horings** – Die monsteragtige van die dier van Openb 13 is al aan Daniël getoon. Die tien horings is die tien koninkryke wat in Antichris se tyd die heerskappy ontvang. "As agtste kop tussen die sewe koppe verenig Antichris die mag van die hele wilde dier soos dit in die geskiedenis opgetree het (Openb 17:11,13), en as elfde horing tussen die tien verenig hy die mag van die tien gelyktydige koninkryke van die toekoms (Dan 7:8,20, 21, 24-26). Totius sien dit as "ongetwyfeld Europese ryke van die toekoms maar wat reeds in wording is." Saam met Antichris sal hulle teen Christus wil oorlog voer.

[*Ek verskil van die siening dat dit noodwendig Europese ryke sal wees – sien aantekeninge by Hfst 2 daaroor.*]

Maar die dag van Antichris en van Babilon kom, "swart soos 'n onweer vir almal wat in Christus bly glo." Maar na die verdrukings sal ook die Dag van Christus kom. Hy sal verdierlikte aardse koninkryke oorwin en Sy ewige heerskappy kom gewis (Openb 17:14).

**7:8, 'n ander horinkie** – Antichris se mag kom dan op. Eers in hom sal die "ou slang" verpersoonlik wies. Party verklaarders wil hierdie horinkie sien as Antiochus Epiphanes, wat in 8:9 en verder aangedui word. Daarby kom ons wanneer Hfst 8 behandel word. Aangesien die vierde dier eerder die Romeinse ryk kan aandui, kan die opvolgende keisers hier gesien word. Tog is Totius eerder reg om die lyne te trek, wat saamloop in Antichris se ryk. Alle ryke van die toekoms is ingesluit in hierdie gesig van Daniël.

**Soos mens-oë:** Dui op trotsheid. Sien by Jes 2:11; 5:15; Ps 73:7; 101:5; 131:1; Spr 6:17; 30:13.

Word vervolg

**HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-**

18 Jan 1677– Jan van Riebeeck oorlede; 20 Jan– Genl. Piet Joubert gebore; 25 Jan 1836– Potchefstroom deur Voortrekkers aangelê.; 3 Feb. 1922– Genl. CR de Wet oorlede; 4 Feb. 1911– Genl. Piet Cronje oorlede; 6 Feb. 1838– Piet Retief en die Voortrekkers saam met hom deur Dingaan vermoor; 7 Feb. 1959 – Dr. DF Malan oorlede; 9 Feb. 1941– Dr. JD Kestell oorlede; 11 Feb. 1859– Stigting van die Gerf kerk Rustenburg as begin van die GKSA; 12 Feb. 1972– Dr. AD Keet oorlede; 16 Feb. 1838– Dr. A Pannevis gebore; 18 Feb. 1546– Maarten Luther oorlede; 21 Feb. 1877– JD du Toit (Totius) gebore